HOËRSKOOL
PAREL VALLEI
HIGH SCHOOL

95 Parel Vallei Rd, Somerset West 7130 PO Box 400, Somerset West 7129
Tel: 021 852 1228 Fax: 021 852 5005 E-mail: secretary@pvallei.co.za

Parel Valleiweg 95, Somerset-Wes 7130 Posbus 400, Somerset-Wes 7129
Tel: 021 852 1228 Faks: 021 852 5005 E-pos: secretary@pvallei.co.za

BENOEMINGSVORM

Verkiesing van Ouers van Leerders tot die Beheerliggaam

(Regulasies 18, 19, 21 en 22 van die Regulasies vir Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2021)

NAAM VAN SKOOL: **HOËRSKOOL PAREL VALLEI**

VOORSTELLER:

Ek, _____,
(Volle naam)

Van _____
(woonadres)

as ‘n ouer van ‘n leerder van die bogenoemde skool, stel hiermee

_____
(Volle naam van kandidaat)

voor as ‘n lid van die beheerliggaam van die bogenoemde skool.

_____
HANDTEKENING VAN VOORSTELLER

SEKONDANT:

Ek, _____,
(Volle naam)

van _____
(woonadres)

as ‘n ouer van ‘n leerder van die bogenoemde skool, sekondeer hiermee die voorstel dat

_____
(Volle naam van kandidaat)

as ‘n lid van die beheerliggaam van die bogenoemde skool benoem word.

_____
HANDTEKENING VAN SEKONDANT

KANDIDAAT:

Ek, _____
(Volle naam)

met identifikasienommer _____,

van _____
(Woonadres)

verklaar hiermee dat ek ten volle daarvan bewus is dat —

1. Ek nie as ’n lid van ’n beheerliggaam benoem of aangestel kan word nie of dat my lidmaatskap beëindig sal word indien ek -

   (a) te eniger tyd deur ’n geregshof skuldig bevind is aan ’n misdryf waarvoor ek ’n opgeskorte vonnis sonder die keuse van ’n boete gekry het of tot gevangenisstraf sonder die keuse van ’n boete gevonnis is, tensy ek kwytskelding gekry het of die tydperk van opskorting of gevangenisstraf minstens drie jaar voor die datum van my benoeming of aanstelling as ’n lid van die beheerliggaam verstryk het;
   (b) verklaar is as ongeskik om met kinders te werk ingevolge die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), of die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007);
   (c) geestesongesteld is en as sodanig verklaar is deur ’n geregshof;
   (d) ’n ongerehabiliteerde insolvent is;
   (e) (in die geval van ’n opvoeder wat aangestel is ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), uitgesonder die prinsipaal), skuldig bevind is aan wangedrag en -
      (i) beboet is;
      (ii) sonder betaling geskors is;
      (iii) gedemoveer is; of
      (iv) ’n kombinasie van die strawwe beoog in subparagrawe (i) tot (iii) gekry het, tensy die tydperk van my straf minstens drie jaar voor die datum van my benoeming of aanstelling as ’n lid van die beheerliggaam verstryk het;

   (f) (in die geval van ’n nie-opvoeder wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), of deur die beheerliggaam aangestel is), skuldig bevind is aan wangedrag en -
      (i) sonder betaling geskors is;
      (ii) gedemoveer is; of
      (iii) ’n kombinasie van die strawwe beoog in subparagrawe (i) en (ii) gekry het, tensy die tydperk van my straf minstens drie jaar voor die datum van my benoeming of aanstelling as ’n lid van die beheerliggaam verstryk het;

   (g) nie ’n kind het wat as ’n leerder by die betrokke skool ingeskryf is nie en nie ’n versorger is van ‘n kind wat as leerder by die skool ingeskryf is nie.

2. Ek verklaar voorts, gegrond op die punte gelys in (1) hierbo, dat ek nie onbevoeg is om benoem te word om op die beheerliggaam van ‘n skool onder toesig van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement te dien nie.

3. Ek verklaar voorts dat ek daartoe instem om deur ‘n geakkrediteerde keuringsagentskap gekeur te word om voldoening aan punt (1) hierbo te bepaal, indien ek tot die beheerliggaam verkies word en ‘n aantyging gegrond op punt (1) teen my gemaak word.

4. Ek verklaar voorts dat, nadat punte (1), (2) en (3) hierbo oorweeg is, ek die bogenoemde benoeming na behore aanvaar.

_____
HANDTEKENING VAN KANDIDAAT

Ek, _____ ,
(Volle naam)

die ondergetekende, verklaar hiermee dat hierdie benoeming aanvaar / verwerp is.
(Skrap wat nie van toepassing nie)

_____ _____
DATUM HANDTEKENING VAN SKOOLKIESBEAMPTE

Bring asseblief die stempel van die kantoor van die skoolkiesbeampte aan

STEMPEL